

# PUBLIC / NOTICE



Garden Route, the leading, enabling and inclusive district, characterised by equitable and sustainable development, high quality of life and equal opportunities for all.

## **DIE TUINROETE DISTRIKSMUNISIPALITEIT DEUR DIE CATER CARE (FOOD HANDLER) OPLEIDINGSPROGRAM BEROEP VIR AANSOEKE**

Die Tuinroete Distriksmunisipaliteit (GRDM) deur die Cater Care (Food Handler) Opleidingsprogram het ten doel om voorheen benadeelde individue in die gasvryheidsektor op te lei. Die Distriksmunisipaliteit deur die Toerisme-eenheid is alleen verantwoordelik vir die befondsing van hierdie program, met die Tuinroete Distriksmunisipaliteit Uitgebreide Openbare Werke Program (EPWP) Eenheid wat tot hierdie program bydra.

GRDM poog om die hoë werkloosheidsyfer binne die Distrik aan te spreek en poog in die besonder om Kulinêre Vaardigheidsopleiding aan werklose mense in die Distrik te verskaf. Die Cater Care opleidingsprogram het ten doel om mense toe te rus om toegang tot werk in die plaaslike gasvryheidsbedryf en toerismesektor te ver kry.

Die Cater Care program vind plaas oor 'n tydperk van drie (3) maande en bied 'n geakkrediteerde kursus met teoretiese en praktiese (industrie – leerlingskap) opleiding.

### **Kriteria vir die leerders:**

- Moet 'n SA Burger wees
- Ouderdom 18-30
- Werkloos
- Skoolkwalifikasie Graad 10 tot Graad 12
- Moet 'n bankrekening hê
- Moet 'n belastingnommer hê
- Gretig om 'n loopbaan in die gasvryheidsbedryf te volg
- Woon in die Tuinroete Distrik Munisipale streek

### **Aansoekproses is soos volg**

- Voornemende leerders moet persoonlik by die Tuinroete Distriksmunisipaliteit, Yorkstraat 54, aansoek doen deur 'n aansoekvorm te voltooi.
- Alle aansoekers moet hul CV, gesertifiseerde ID-afskrif en skooluitslae saambring. Sertifisering van dokumente moet nie ouer as 3 maande wees nie
- Brief van die bank wat hul rekening bevestig
- Moet 'n kontakselfoonnommer plus 'n alternatiewe nommer hê

### **Kontakbesonderhede:**

Adres: François Ferreira Akademie  
Plaas 208, R102 Lughaweweg  
George, Wes-Kaap  
Suid-Afrika

Kontakpersoon: Me Veronica Mekile ([veronica@francoisferreira.com](mailto:veronica@francoisferreira.com)); Kantoor nommer: 044 – 884 0765;  
Kantoorure: 08:00 – 16:30 (Ma-Do); 08:00 – 15:00 (Vry)

**Sluitingsdatum: 15 September 2022 vir alle aansoeke wat ingedien moet word.** \*Alle suksesvolle kandidate is verantwoordelik vir hul eie verblyfreëlings en vervoer en slegs ernstige en toegewyde aansoekers sal vir hierdie geleentheid oorweeg word

**MG Stratu**  
**Municipal Manager**  
**54 York Street**  
**PO Box 12**  
**GEORGE**  
**6530**  
**Tel: 044 803 1300**  
**Fax: 086 555 6303**